


# Konneksiegroep

## Geld, Mag en Seks

## Deel 3:

**1 Joh 2:15-17 (53)**

Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie … die **begeerlikheid van die VLEES (seks)** en die **begeerlikheid van die OË (geld)** en die **grootsheid van die lewe (mag)** … is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, **maar hy wat die WIL van God doen, bly vir EWIG**.

### Konneksiegroep:

- Kies **EEN AAND** 'n week om julle konneksiegroep te hou.
- Vra elke lid van jou konneksiegroep om hulle Bybel saam te bring.
- Indien julle wil kan julle weer saam **nagmaal** gebruik.

## WELKOM

**Verwelkom:** Verwelkom elke groepslid

**Ysbreker:** Kies een van die volgende onderwerpe en gesels daaroor:
a) As jy jouself as 'n tipe plant of boom moes beskryf, wat sou dit wees en hoekom?
b) Wat is 'n klein gewoonte wat jy onlangs mee begin het, of wat jy gelos het, wat 'n verrassende groot verskil in jou lewe gemaak het?

## WOORD

**Gebed:**
Open met gebed. (Gee almal 'n geleentheid)

## Lees:

**KERNTEKSE VIR VANDAG:**

**Spr 3:5-6 (NLV)**
Vertrou op die Here met alles wat jy het. Moenie staatmaak op jou eie insigte nie. Vra na die wil van God in alles wat jy doen. Hy sal die regte pad vir jou wys.

**Rom 12:2 (53)**
En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

**Joh 12:24 (53)**
Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.

**Luk 8:14 (NLV)**
"Die saad tussen die onkruid is mense wat die boodskap hoor en ook aanvaar, maar tog te gou word dit verdring deur die sorge en rykdom en plesiere van hierdie lewe. En só groei hulle nooit tot volwassenheid nie."

## Gesels in julle Konneksiegroep oor die volgende:

In hierdie reeks leer ons dat God die Eienaar is en ons die bestuurders. In Deel 3 kyk ons dieper na die "Wil van God" (thélēma - God se voorkeur-wil of beste aanbod). Die wêreld, met sy sorge, rykdom (geld) en plesiere (seks/mag), lok ons dikwels weg van God se wil af en keer dat ons volwasse word en vrug dra.

Jesus leer ons in Johannes 12 dat 'n koringkorrel in die grond moet val en sterf om vrug te dra. Net so moet ons "sterf" aan onsself en weier om aan hierdie wêreld gelykvormig te word (Rom 12:2). As die Saad (God se Woord) in ons lewens val, moet ons waak dat dit nie verdring word deur die gejaag na aardse dinge nie. Ons roeping is om soos 'n boom by waterstrome te wees (Ps 1) – gewortel in God, sodat ons op die regte tyd vrug dra en die Vader verheerlik (Joh 15:8).

### Lees weer Vandag se tekse en gesels daaroor:

a) In watter areas van jou lewe voel jy word die "saad" (God se Woord) die maklikste verdring deur die sorge, rykdom of plesiere van hierdie lewe?
b) Wat beteken dit prakties vir jou om soos die koringkorrel te "sterf" aan jou eie begeertes sodat jy God se wil kan uitleef?

## WORSHIP

**Aanbidding -** https://woordenlewe.com/connect-worship/

Maak tyd om vandag God te aanbid, gebruik die playlist wat op ons Woord en Lewe webwerf is onder Connect, of gebruik die aanbidding wat Sondag tydens die diens gedoen was.

## WERKE en vrae:

### Gebruik nou Nagmaal saam as Konneksiegroep:

**Liefde vir God, Liefde vir Mense**
As Konneksiegroep spandeer net so 5 minute voor julle verdaag in stilte en elke lid beantwoord vir homself/haarself die vrae hieronder. Skep 'n rustige atmosfeer en laat toe dat die Here met elkeen afsonderlik praat.

- Bely voor die Here enige wêreldse dinge, sorge of plesiere wat jy toegelaat het om Sy Woord in jou lewe te verdring.
- Vra die Here om jou gemoed te vernuwe en jou te help om "in die grond te val en sterf" (van jouself) sodat Hy ware, blywende vrug in jou lewe kan voortbring.

LIEFDE VIR GOD & LIEFDE VIR MENSE